# Universiteit Stellenbosch Assesseringsbeleid

| | |
|---|---|
| Doel | Om 'n raamwerk te verskaf waarvolgens geldige, betroubare en verantwoordbare assesseringspraktyke gevestig kan word, en wat duidelike maatstawwe stel waarvolgens fakulteite sodanige praktyke kan stuur en evalueer |
| Soort dokument | Beleid |
| Toeganklikheid | Algemeen (ekstern en intern) |
| Datum van inwerkingtreding | 1 Januarie 2022 |
| Hersieningsdatum | Die beleid moet in die vyfde jaar na inwerkingtreding hersien word. Dit kan wel vroeër of meer as een keer gedurende 'n siklus hersien word, volgens die eienaar van die beleid se diskresie. |
| Vorige hersienings | Eerste goedkeuring 2004, hersien 2012 |
| Eienaar van die beleid[1] | Viserektor: Leer en Onderrig |
| Kurator van die beleid[2] | Senior Direkteur: Afdeling Leer- en Onderrigverryking |
| Goedkeuringsdatum | September 2021 |
| Goedgekeur deur | US Raad |
| Sleutelwoorde | assessering as onderrigpraktyk, assessering van studenteleer, beleid, doeltreffende assessering, oogmerke van assessering |

US-beleide is by https://www.sun.ac.za/afrikaans/policy/Pages/A-Z.aspx beskikbaar.

[1] Eienaar van die beleid: hoof(de) van verantwoordelikheidsentrum(s) waarbinne die beleid funksioneer
[2] Kurator van die beleid: administratiewe hoof van die afdeling wat vir die deurvoering en instandhouding van die beleid verantwoordelik is

# Inhoudsopgawe


1. Inleiding ... 4
1.1 Nasionale perspektief ... 4
1.2 Institusionele perspektief ... 4
2. Deurvoering ... 4
3. Woordomskrywings ... 5
4. Doel ... 5
5. Oogmerke ... 5
6. Beginsels ... 6
7. Bepalings ... 7
7.1. Assesseringsproses ... 7
7.2. Assesseringsoogmerke ... 7
Assesserings dien verskillende oogmerke wat die primêre doel bevorder om leer te fasiliteer en studente op lewenslange leer voor te berei, soos die volgende: ... 7
8. Raamwerk vir doeltreffende assessering ... 8
8.1 Geldigheid ... 8
8.2 Outensiteit ... 9
8.3 Betroubaarheid ... 9
8.4 Opvoedkundige impak ... 9
8.5 Akademiese integriteit ... 10
8.6 Deursigtigheid ... 10
8.7 Billikheid ... 10
8.8 Haalbaarheid ... 11
8.9 Leergerigte terugvoer ... 11
9. Funksies en verantwoordelikhede ... 11
9.1 Verantwoordelikhede met die oog op verbeterde assesseringspraktyke ... 11
9.1.1 Bekwaamheid van assesseerder ... 11
9.2 Verantwoordelikhede met die oog op die deurvoering van die Assesseringsbeleid ... 12
10. Geskilbeslegting ... 14
11. Beleidsbeheer ... 15
11.1 Eienaar ... 15
11.2 Kurator ... 15
11.3 Monitering en verslagdoening ... 15
11.4 Vrystelling ... 15
11.5 Hersiening ... 15

11.6 Nienakoming ..... 15
12. Stawende dokumente ..... 15
13. Verbandhoudende dokumente ..... 16
14. Verwysings ..... 17
Bylae A: Woordelys ..... 19

# 1. Inleiding

Die Universiteit Stellenbosch (US) erken dat assessering ’n integrale deel van leer en onderrig uitmaak. Die hoëronderwyskonteks is dinamies en kompleks, en die US aanvaar dat assesseringspraktyke konteksgebonde is. Daarom is hierdie beleid nie bedoel om voorskriftelik oor assesseringspraktyke te wees nie; dit wil eerder voorsien vir buigsaamheid in die toepassing van die riglyne en grondslae vir uitmuntende praktyk wat assessering betref.

Hoewel die US ’n eenvormige assesserings<u>stelsel</u> voorstaan, behels dit nie ’n eenvormige <u>benadering</u> in die toepassing van die riglyne en grondslae wat in hierdie beleid uiteengesit word nie. Die Universiteit erken ook dat besluite oor assessering wat studenteleer bevorder, van fakulteit tot fakulteit sal verskil.

## 1.1 Nasionale perspektief

Die Raad op Hoër Onderwys (RHO) se beleide oor erkenning van vorige leer (EVL), kredietakkumulasie en -oordrag (KAO) en assessering in hoër onderwys (RHO, 2016) is daarop gemik om aanwysings en prosedures vir assesseringspraktyke op nasionale vlak neer te lê. Hierdie dokument omskryf assessering as “’n integrale deel van die onderrig-en-leerproses” wat “sistematies en doelgerig gebruik word om inligting aan die hand van die vereisde vaardighede uit te wys, in te samel en te vertolk ten einde ’n student se prestasie te beoordeel” (RHO, 2016:12; eie vertaling). Volgens hierdie omskrywing is assessering “’n voortgesette en iteratiewe proses wat ’n manier is om nie net leer te meet nie, maar ook om lewenslange leer te ontwikkel en innoverende en kreatiewe denke te bevorder ten einde bestaande leer te konsolideer en toekomstige leer op te bou” (ibid.; eie vertaling).

## 1.2 Institusionele perspektief

Met hierdie Assesseringsbeleid streef die US daarna om die vertrekpunte vir assessering wat implisiet in bestaande institusionele, fakulteits- en departementele reëls en praktyke vervat is, op institusionele vlak uitdruklik te stel. In die gees daarvan om “onderrig en leer van gehalte te bevorder wat die ryke potensiaal van ’n toenemend diverse studentekorps verwelkom en graduandi oplewer wat kan bydra tot ’n komplekse samelewing”, soos dit in die Universiteit se *Beleid oor Onderrig en Leer* (US, 2018:2) verwoord is, is hierdie beleid bedoel om assesseringspraktyke aan die US met die institusionele *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019–2024* (US, 2019) te belyn. Die strategiese temas wat hier van besondere belang is, is tema 1: *’n Transformerende studente-ervaring* (US, 2019:20) en tema 2: *Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer.* Daarby moet die ontwikkeling van die kenmerke van US-gegradueerdes, soos in die US se *Strategie vir Onderrig en Leer 2017–2021* (US, 2017) uiteengesit, in alle leer-, onderrig- en assesseringsaktiwiteite verweef word waar dit nodig en/of toepaslik is.

# 2. Deurvoering

Hierdie beleid is van toepassing op alle assesseringsaktiwiteite oor die hele Universiteit heen, met insluiting van:

a) alle ingeskrewe studente;
b) alle programme en modules wat deel uitmaak van geregistreerde en geakkrediteerde voor- óf nagraadse sertifikaat-, diploma- of graadprogramme of van kortkursusse of kokurrikulêre aktiwiteite wat assessering behels;
c) op- en afkampusassesserings, met inbegrip van werkgeïntegreerde assessering;
d) individuele en groepassesserings;

e) assesserings wat van aangesig tot aangesig óf aanlyn afgeneem word, met óf sonder toesig, skriftelik óf mondeling, asook praktika; en

f) permanente US-werknemers sowel as eksterne, geakkrediteerde en/of gekontrakteerde personeel en studente (bv. tutors) wat by die assessering van studenteleer betrokke is.

Elke fakulteit dra egter die verantwoordelikheid om die beleid vir hulle besondere omstandighede te vertolk en dit aan die hand van hulle konteks toe te pas. Sodanige vertolkings moet in fakulteitspesifieke assesseringsreëls en -regulasies omskryf en deur die betrokke fakulteitsraad/-rade of goedkeuringstruktuur/-strukture aanvaar word. Die goedkeuringsproses word in die *US Jaarboek (Deel 1): Algemeen* uiteengesit.

Alle statute, reëls, regulasies en riglyne wat op die assessering van studenteleer aan die US betrekking het, is aan hierdie beleid onderhewig en moet daaraan voldoen. Dit sluit die afdeling oor assessering en promovering wat jaarliks in die *Jaarboek (Deel 1)* gepubliseer word in, asook enige fakulteitspesifieke reëls en riglyndokumente rakende assessering.

## 3. Woordomskrywings

**Assessering** verwys na die sistematiese beoordeling van studente se vermoë om te bewys dat hulle die gestelde leerdoelwitte vir ’n sekere kurrikulum bereik het (RHO, 2016:2; eie vertaling). Dit kan ’n verskeidenheid take, produkte, uitsette of bekwaamhede insluit wat gebruik word om getuienis in te samel en die studente se prestasie volgens die gestelde assesseringsmaatstawwe en -uitkomste te beoordeel.

Bylae A bevat ’n omvattende woordelys.

## 4. Doel

Die doel van die beleid is om ’n buigsame assesseringsraamwerk daar te stel wat standhoudende assessering oor alle programme en modules heen oplewer, en ’n stelsel wat studenteleer – aan die US én verderaan – daadwerklik bevorder asook studenteprestasie beoordeel vir sertifisering.

## 5. Oogmerke

a) Bou voort op die grondslae van goeie assesseringspraktyk in hoër onderwys wat op navorsing begrond is en wat nasionale beleidsraamwerke en gehaltestandaarde navolg, ten einde institusionele yking te vestig wat fakulteitspesifieke assesseringspraktyke, -prosesse en -prosedures rig.

b) Verskaf die grondslag vir ’n buigsame maar nietemin standhoudende raamwerk wat aan beleidsbeginsels voldoen en ’n integrerende rol vervul om die gehalte van kurrikula, leer, onderrig en navorsing te bevorder.

c) Verskaf leiding vir ’n doeltreffende assesseringsbestuurstelsel aan die US.

d) Ondersteun die verwesenliking van die US se *Visie 2040* om ’n getransformeerde en geïntegreerde akademiese gemeenskap te wees wat kritiese denke vier, gesprek bevorder en tot demokrasie, menseregte en sosiale geregtigheid verbind is, met ’n uitwaartse, internasionale en toekomsgerigte fokus. Bly ook verbind tot die tersaaklike strategiese temas van die US se *Strategiese Raamwerk 2019–2024*.

e) Ondersteun die verwerwing, waar nodig en/of toepaslik, van die eienskappe van US-gegradueerdes wat bewustelik in kurrikula, leer, onderrig en assessering verweef is met die oogmerk om ondersoekende denkers, betrokke burgers, dinamiese professionele persone en afgeronde individue te ontwikkel.

# 6. Beginsels

**6.1** Die Universiteit se visie, missie en waardes rig alle leer, onderrig en assessering. Assessering lê aan die kern van ’n **geïntegreerde benadering tot studenteleer** waarvolgens assessering die leer- en onderrigpraktyk daarstel waardeur die mees regstreekse invloed op studenteleer uitgeoefen kan word, sowel as die praktyk wat die meeste op studente ingestel is. Soos David Boud dit stel: “Studente kan die uitwerking van swak onderrig oorkom, al is dit met moeite; hulle kan nie (per definisie, as hulle wil gradueer) die uitwerking van swak assessering ontkom nie” (Boud, 1995:35; eie vertaling).

**6.2** Daarom is hierdie beleid ingestel op assessering wat **studenteleer bevorder**. Dit word spesifiek by wyse van *formatiewe* assessering (assessering *om te* leer) bereik; d.w.s. wat aan studente geleenthede bied om te leer hoe om hulle eie begrip te beoordeel. Sodoende word hulle voorberei op *summatiewe* assessering (assessering *van* leer), wat toegepas word (deur dosente, eweknieë en die studente self) om te meet hoeveel leer verwerf is. Volgens hierdie benadering gebeur leer nie slegs aan die einde van die leerproses nie, maar deurgaans, en val die kleim op die formatiewe en volhoubare elemente van assessering (verwys na 7.2).

**6.3** Hierdie beleid situeer assessering as ’n geïntegreerde deel van ’n leer-en-onderrigproses wat leeruitkomste, leergeleenthede en assesseringspraktyke **konstruktief belyn** (Biggs, 1996; eie vertaling). Dit beteken dat uitkomste voor afbepaal word, dat leergeleenthede ontwerp word om die uitkomste maksimaal te bereik, en dat assessering beoordeel hoe goed die uitkomste bereik is. Die belyningsproses moet die vlak van prestasie beoordeel aan die hand van, byvoorbeeld, Bloom se taksonomie van kognitiewe dimensies (Anderson et al., 2001), Miller se piramide van kliniese (praktiese) bekwaamheid (Miller, 1990) en Biggs se SOLO-taksonomie vir vlakke van begrip (Biggs, 2012).

**6.4** Hierdie beleid staan ’n **buigsame** assesseringsbenadering voor; dit is, wat fakulteite en verantwoordelikheidsentrums aanmoedig om in die loop van die module verskeie assesserings te doen wat tot die prestasiepunt bydra. Assessering in die vorm van toetse gedurende toegewese assesseringstydperke word steeds algemeen gebruik waar nodig. Volgens die US se standpunt verg ’n doeltreffende assesseringstrategie egter dat die vele ander beskikbare vorme van assessering oorweeg moet word. Daarom moet ’n doeltreffende assesseringstrategie en die mees gepaste metodes vir die omskrewe oogmerke vir elke program of module oorweeg word. In die ontwerp van assesseringstrategieë moet die uiterste sorg aan die dag gelê word dat die gekose metodes en benaderings voldoen aan die riglyne en raamwerk wat in hierdie beleid vervat is.

**6.5** Hierdie beleid aanvaar dat **assesseerders bekwaam is** (verwys na 9.1.1) om oor assesseringsmetodes vir hulle vakgebiede, programme en modules te besluit, en dat hulle bereid is om uitmuntendheid in kennispraktyk na te streef en hulle vaardighede voortdurend te ontwikkel. Hierdie beleid is nie daarop ingestel om voorskrifte oor assesseringstrategieë neer te lê nie; dit wil eerder aan dosente ruimte laat om regverdigbare keuses oor assessering binne hulle eie omgewings uit te oefen.

**6.6** Daarom veronderstel hierdie beleid dat assesseerders assessering benader as ’n doelgerigte aktiwiteit waarvan elke fase in die proses met sorg oorweeg en geregverdig is. Sodanige assesseringstrategieë **bevoordeel nie een vorm of oogmerk van assessering bo ’n ander nie**; dit sluit eerder die volgende in:

a) ’n voldoende aantal toepaslike *formatiewe* assesseringsgeleenthede wat studente in staat stel om hulle eie vordering te beoordeel voor die uiteindelike summatiewe assessering plaasvind; ’n sleutelaspek van die proses van formatiewe assessering is voldoende leergerigte terugvoer om toekomstige besluite te stuur; hierdie terugvoer hoef nie een-tot-een of deur die dosent verskaf te word nie – dit kan ook outomaties, self- of eweknie-gegenereer wees;
b) betroubare en billike *summatiewe* assesserings wat geldige gevolgtrekkings oor studente se vordering en prestasie of bemeestering van die materiaal oplewer; die geldigheid van besluite oor studenteprestasie hang grootliks af van die betroubaarheid en herhaalbaarheid van die assesseringsmetodes, die billikheid van die assesseringstrategieë en die deursigtigheid van die assesseringsproses;
c) ’n voldoende aantal geleenthede om die vaardigheid van *lewenslange leer of volhoubare assessering* te ontwikkel soos uitgedruk in “ondersoekende denke” as ’n kenmerk van ’n US-gegradueerde; een manier om hierdie einddoel na te streef is om studente te lewer wat hulle eie werk en dié van ander kan assesseer; ’n assesseringstrategie wat geleenthede vir self- eweknie-assessering insluit, stel studente in staat om daardie vaardighede te ontwikkel.

Hierdie beleid vind uitdrukking in die assesseringsprosedures en -reëls wat aan die US geld en waarvan die besonderhede in die *Jaarboek (Deel 1)* uiteengesit is.

## 7. Bepalings

Wanneer fakulteit/departemente/sentrums assesseringstrategieë oorweeg, moet hulle die faktore hier onder in ag neem en duidelik in hulle assesseringstrategieë aantoon waar hierdie faktore ingewerk is.

### 7.1. Assesseringsproses

Die US beskou die assessering van studenteleer as ’n **proses** wat die volgende fases behels:

a) Die verwagtings van en standaarde vir leer sowel as die maatstawwe vir die evaluering van assesserings is duidelik en beskikbaar.
b) Getuienis word ingesamel om studenteleer aan hierdie verwagtings, standaarde en maatstawwe te meet.
c) Die getuienis word ontleed en vertolk.
d) Die inligting wat sodoende verkry is, word gebruik om onderrig en studenteleer te dokumenteer, te verduidelik en/of te verbeter.

### 7.2. Assesseringsoogmerke

Assesserings dien verskillende oogmerke wat die primêre doel bevorder om leer te fasiliteer en studente op lewenslange leer voor te berei, soos die volgende:

a) **diagnostiese** oogmerke, wat studente se sterkpunte, swakplekke, voorafverworwe kennis en vaardighede evalueer voordat hulle onderrig word – d.w.s. as vooraf-assessering vir ’n module/kontaksessie/tutoriaal om te besluit watter stap(pe) deur die student en/of dosent nodig mag wees – of vir die doeleindes van keuring, toelating en/of plasing;
b) **summatiewe** oogmerke – d.w.s. assessering **van** leer – wat besluite en bevindings oor studente se vordering rig (bv. vir promovering of sertifisering, om waardeoordele oor hulle prestasie te vel); summatiewe oogmerke sluit ook keuring, toelating en plasing in;

c) **formatiewe** oogmerke – d.w.s. assessering **om te** leer – wat die leerproses dien hoofsaaklik deur studente die geleentheid te bied om die vereisde kennis, vaardighede en ingesteldhede te verwerf met behulp van leergerigte terugvoer; self- en eweknie-assessering kan ook leer bevorder, aangesien dit van studente verg om met die assesseringsmaatstawwe om te gaan;
d) **volhoubaarheids**oogmerke – d.w.s. assessering **as** leer – wat studente vorm om lewenslange leerders te wees wat hulle eie prestasie kan beoordeel; self- en eweknie-assessering is van sleutelbelang in hierdie verband; en
e) doeleindes van **evaluering**, wanneer assesseringsuitslae saam met ander inligting oorweeg word om die gehalte van ’n leer-en-onderrig-gebeurtenis/module/program te evalueer.

**Let op:** Akademiese omgewings moet seker maak dat die assesseerders sowel as die studente wat geassesseer word, deeglik begryp wat die verskillende oogmerke van assessering is en dat een soort assessering meer as een oogmerk kan vervul.

## 8. Raamwerk vir doeltreffende assessering

Ten einde studenteleer te bevorder, moet assesserings volgens die beginsels van doeltreffende assessering ontwerp word. Die oogmerk van die raamwerk hier onder is om assesseerders te voorsien van riglyne waaraan hulle assesseringspraktyke kan meet – individuele assesseringsgeleenthede sowel as prosesse op module- en programvlak. Nietemin berus die verantwoordelikheid steeds by fakulteite en sentrums, en die personeel daar wat by assessering betrokke is, om hierdie raamwerk vir hulle eie konteks te vertolk en dienooreenkomstig toe te pas.

Assesseerders moet seker maak dat elke assessering aan hierdie beginsels voldoen – op alle *vlakke* van assessering (bv. individuele assesseringsgeleenthede en op module- en programvlak) sowel as alle *metodes en instrumente* vir assesserings (bv. aanlyn toetse en toetse met veelkeusevrae).

**Let op:** Hierdie **beginsels vorm ’n geïntegreerde raamwerk en moenie in isolasie oorweeg of toegepas word nie**. **Inteendeel, die beginsels moet sover moontlik teen mekaar opgeweeg word**. Dit mag beteken dat sekere beginsels nie op elke assessering ewe toepaslik is nie; nietemin is elke beginsel holisties gesproke op module- en/of programvlak toepaslik.

### 8.1 Geldigheid

Assesserings is geldig as dit meet wat dit veronderstel is om te meet, en wanneer die gevolgtrekkings en optrede wat op die assesseringsuitslae gegrond word, gepas en akkuraat is.

Aanwysers van geldigheid:

a) Die assesseringskomponent van ’n program word beplan en ontwikkel op ’n manier wat studente in staat stel om aan te toon in watter mate hulle die gestelde uitkomste – spesifiek sowel as generies – bereik het.
b) Die assessering is met die leeruitkomste en assesseringsgeleenthede belyn.
c) Daar is maatreëls om te verseker dat wat geassesseer word, die inhoud van die gestelde uitkomste bevredigend sal weerspieël.
d) Die assesseringsmetodes (bv. toetse, werkopdragte, take, praktika of mondelinge) is uitgesoek volgens die aard van die leeruitkomste wat geassesseer moet word.

e) Die aantal geleenthede van elke soort assessering is ’n akkurate weerspieëling van die verskillende leeruitkomste.

## 8.2 Outensiteit

Outentieke assesseringspraktyke hou ten nouste verband met aktiwiteite wat in realistiese kontekste plaasvind en dus van studente verwag om tersaaklike vaardighede en kennis toe te pas. Dit kan studenteleer betroubaarder maak in ’n veranderende wêreld, en geleenthede skep om die eienskappe van gegradueerdes te ontwikkel en te assesseer waar dit nodig en/of toepaslik is. Outensiteit gaan daaroor om leeromgewings te skep wat werklikheidsgetroue kontekste en scenario’s gebruik, en sodoende verseker dat assesserings bepaal of studente werklik hulle kennis doeltreffend kan benut, eerder as om oppervlakkige kennis te herhaal wat hulle vinnig vergeet nadat die assesseringsgeleentheid verby is. Outensiteit is egter nie in alle leerkontekste ewe tersaaklik nie.

Kenmerke van outentieke assessering (Burton, 2011) is onder meer die volgende:

a) Die taak is belyn met wat in die werklike wêreld/werkplek van die student vereis sou word.
b) Die taak lewer ’n afgeronde produk op wat waarde in sigself het.
c) Die taak verg hoër-orde-denke wat nadenke en selfassessering insluit.
d) Leergeleenthede is naatloos by assesseringsgeleenthede geïnkorporeer.
e) Die taak verg dat studente met mekaar en selfs met professionele persone saamwerk.
f) Die studente besluit en oordeel self oor sekondêre take.
g) Die taak is kompleks en op ondersoekendheid ingestel, en verg diverse en vars response.

## 8.3 Betroubaarheid

Betroubare assessering onderskei konsekwent tussen prestasie wat aanvaarbaar, prysenswaardig of gebrekkig is. Die resultate van individuele assesseringstake of -geleenthede, sowel as die resultate van assesseringsprosesse (modules en programme), moet herhaalbaar in verskillende kontekste of met verloop van tyd wees.

Aanwysers van betroubaarheid:

a) Metodes word uitgekies wat daarvoor bekend is dat dit die gestelde uitkomste betroubaar meet.
b) Aandag word bestee aan faktore wat die betroubaarheid van die metode sou kon aantas.
c) Die getal en soorte assesseringsmetodes word doelbewus gekies om betroubaarheid te verhoog.
d) Wanneer een of meer assesseerders by die nasien van dieselfde item betrokke is, word sorg aan die dag gelê om eenvormigheid te verseker.

## 8.4 Opvoedkundige impak

Assessering beïnvloed wat, wanneer en hoe studente leer.

Dosente wat assesseer om leer te bevorder, doen die volgende:

a) Gebruik inhoudstoepaslike assessering wat vir die gestelde uitkomste tersaaklik is.
b) Gebruik assesseringsformate wat op die uitkomste toepaslik is.
c) Skeduleer assesserings om ’n meer diepgaande leerbenadering te kweek.

d) Oorweeg sover moontlik hoe elke assessering tot die holistiese assessering van die module en program bydra, onder meer hoe elk met die uitkomste en bydraes tot die prestasiepunt belyn is.

## 8.5 Akademiese integriteit

Ten einde te bepaal of studente geleer en die uitkomste vir ’n module of program bereik het, moet dosente weet dat die werk wat hulle assesseer wel die student se eie is; d.w.s. dat hulle op akademiese integriteit kan reken. Die US het prosedures ingestel om die akademiese integriteit van alle assesseringspraktyke te bevorder, ook in die aanlyn omgewing. Dit veronderstel dat alle betrokkenes volledig bekend is met die Universiteitsregulasies in hierdie verband soos uiteengesit in die US se *Plagiaatbeleid: Ter Ondersteuning van Akademiese Integriteit* (US, 2016a), wat geld vir assessering van aangesig tot aangesig en met toesig sowel as assessering aanlyn (met óf sonder toesig).

## 8.6 Deursigtigheid

Deursigtigheid beteken dat studente ingelig word oor die redes vir die assessering, wanneer dit gaan plaasvind, ensovoorts.

Aanwysers van deursigtigheid:

a) Studente word ingelig oor omgewingspesifieke appèlprosedures wat bykomend tot dié in die *Jaarboek (Deel 1)* is.
b) Studente ontvang duidelike inligting omtrent die vereistes waaraan hulle prestasie tydens die onderskeie assesseringsgeleenthede of via verskillende assesseringsmetodes gemeet sal word.
c) Punte vir assesseringstake, asook die prestasiepunt, word bepaal aan die hand van duidelik omskrewe maatstawwe, nie volgens die prestasie van ander studente nie.
d) Die moduleraamwerk verduidelik behoorlik volgens watter formule verskillende gewigte aan verskillende assesseringsgeleenthede toegeken en die prestasiepunt bereken word.

## 8.7 Billikheid

In ’n billike assesseringstelsel word alle studente sonder vooroordeel of diskriminasie behandel. Werkopdragte vir assessering moet só verwoord word dat studente uit verskillende agtergronde dit reg sal verstaan en vertolk, en die bepalings van die US *Taalbeleid* (2016) moet daarin verweef wees.

Aanwysers van billikheid:

a) Alle studente het toegang tot leergeleenthede voordat assesserings plaasvind.
b) Die bepunting vir ’n module word volgens ’n oorwoë, regverdigbare proses bereken.
c) Daar is maatreëls om te verseker dat studenteprestasie betroubaar en geldig beoordeel word.
d) ’n Verskeidenheid assesseringsmetodes word toegepas, onder meer formatiewe assessering, wat studente in staat stel om uit hulle foute te leer voordat summatiewe assessering afgeneem word.
e) Die maatstawwe vir assessering word aan studente gekommunikeer voordat hulle ’n taak moet verrig.
f) Doelmatige stappe is geneem om assessering sover moontlik teen enige bewustelike of onbewustelike vorme van onbillike diskriminasie te beskerm.

### 8.8 Haalbaarheid

Die koste en praktiese implikasies van die assesseringsproses moet redelik wees inaggenome die konteks en doel van die assessering. Dit kan insluit dat die tydsberekening van elke assessering, sowel as die tyd en moeite wat dit van studente verg, gepas moet wees vir die doel van die assessering en hoeveel dit tot die prestasiepunt bydra, waar toepaslik.

### 8.9 Leergerigte terugvoer

Dosente moet terugvoer lewer wat studente in staat stel om duidelik te onderskei tussen afdelings wat bevredigend afgehandel is en dié wat verdere studie verg. Studenteleer word verbeter en bevorder wanneer die fokus nie tot bepunting verskraal is nie, maar studente daarin ondersteun word om hulle eie leer te moniteer en leerervarings in oënskou te neem. Leergerigte terugvoer oor take vir *formatiewe, summatiewe en volhoubare assessering* is van kernbelang hierin, maar mag in die geval van sommige take vir finale assessering onvanpas of onwerkbaar wees.

Aanwysers van terugvoer wat studenteleer bevorder:

a) Formatiewe en volhoubare assessering met leergerigte terugvoer is ’n integrale deel van die assessering van programme en modules, waar toepaslik.
b) Assesseringsgeleenthede word oor die semester versprei om die gehalte van leer te bevorder, en leergehalte word deur leergerigte terugvoer aangemoedig en ondersteun.
c) Studente kry geleentheid om op terugvoer te reageer en sodoende hulle prestasie in daaropvolgende take te verbeter.
d) Studenteprestasie word benut as ’n inligtingsbron vir nabetragting oor onderrig- en assesseringspraktyke.
e) Studente word daarin onderrig om terugvoer oor assesserings te benut sodat dit hulle ontwikkeling sal aanhelp.
f) Dosente neem assesseringspraktyke voortdurend in oënskou deur die beginsels van behoorlike assessering en konstruktiewe belyning toe te pas.

## 9. Funksies en verantwoordelikhede

### 9.1 Verantwoordelikhede met die oog op verbeterde assesseringspraktyke

Die US het ’n goed gevestigde kultuur van gehalteversekering en -verbetering wat deur gereelde evaluering van akademiese departemente en PASD-omgewings (professionele en administratiewe steundienste) volgens ’n vaste siklus van selfevaluering ondersteun word. Gegewe die verskeidenheid dissiplinêre en ander kontekste erken die Universiteit nietemin dat assesseringspraktyke oor die instelling heen kan verskil. Nogtans besef die US die behoefte aan duidelike, omvattende en deursigtige ontledings van en verslagdoening oor assesseringspraktyke sodat dit die gehalteverbetering van kurrikula, onderrig, leer en assessering binne departemente en fakulteite kan rig. Daarom verg dit die verantwoordelikhede en take van verskeie rolspelers, soos vervolgens uiteengesit, om aan hierdie beleid te voldoen sover dit redelikerwys moontlik en uitvoerbaar is.

#### 9.1.1 Bekwaamheid van assesseerder

Een van die aanwysings in die RHO se *Beleide oor die Erkenning van Vorige Leer (EVL), Kredietakkumulasie en -oordrag, en Assessering in Hoër Onderwys* (RHO, 2016) lui soos volg:

> Die ontwikkeling van assesseringsbekwaamheid onder personeel, waardeur opleidingsteun aan akademiese personeel verskaf word wat hulle in staat sal stel om die gehalte van die module/kursus/kwalifikasie in die geheel geldig en voortdurend te verbeter, is noodsaaklik (RHO, 2016:16; eie vertaling).

Ter voldoening aan hierdie aanwysing bied die US veelvoudige geleenthede vir die ontwikkeling van die vereisde assesseringsbekwaamheid, waaronder die volgende:

a) materiaal in die PREDAC-kortkursus (vir die professionele opvoedkundige ontwikkeling van akademiese personeel), wat op nuut aangestelde akademiese personeel gemik is;
b) ’n aanlyn bron oor assessering, wat vir almal toeganklik is en deur die US Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) aangebied word;
c) ’n US-geakkrediteerde kortkursus oor assessering, wat vir almal toeganklik is en deur SOL aangebied word;
d) die kortkursus oor vermengde onderrig en leer, wat oor die digitale aspekte van assessering handel en deur SOL aangebied word; en
e) gesprekvoering en werksessies oor assessering wat by en deur fakulteite aangebied word.

Dit is die fakulteit of sentrum wat die module aanbied se verantwoordelikheid om te sorg dat diegene wat by die assessering van studenteleer betrokke is, oor voldoende bekwaamheid beskik. Dit sou stappe insluit om (sover dit moontlik en redelikerwys uitvoerbaar is) te sorg dat alle ad hoc- of nieakademiese personeel – soos tutors en ander persone wat leer fasiliteer, hetsy van aangesig tot aangesig of aanlyn – bekwame assesseerders en met die assesseringsbenadering en -reëls aan die US bekend is.

## 9.2 Verantwoordelikhede met die oog op die deurvoering van die Assesseringsbeleid

### 9.2.1 Studente se verantwoordelikhede

a) Wees volledig ingelig oor die US se assesseringsreëls en -regulasies soos in die *Jaarboek (Deel 1)* vervat.
b) Wees op hoogte van die assesseringsreëls en -regulasies vir ’n spesifieke module soos in die moduleraamwerk vervat.
c) Aanvaar verantwoordelikheid daarvoor om assesseringsgeleenthede ten beste te benut.
d) Wees bekend met die US se Beleid oor Onderrig en Leer (2018) en die Dissiplinêre Kode vir Studente aan die Universiteit Stellenbosch (2016b).
e) Wees daartoe verbind om assesseringsopdragte met opregte en toegewyde ywer te verrig soos in die US se Plagiaatbeleid: Ter Ondersteuning van Akademiese Integriteit (US, 2016a) uiteengesit.

### 9.2.2 Die Akademiese Belangeraad (ABR) en klasverteenwoordigers (waar van toepassing) se verantwoordelikhede

a) Bring onrusbarende tendense in verband met assessering onder die tersaaklike persone of omgewings se aandag.
b) Oriënteer studente via fakulteitstrukture ten opsigte van assessering en hulle verantwoordelikhede in daardie verband.
c) Sorg dat hulle self oor die bepalings van die Assesseringsbeleid en assesseringsriglyne in die *Jaarboek (Deel 1)* ingelig is en dat hulle studente daaroor kan inlig.

### 9.2.3 Assesseerders se verantwoordelikhede

a) Sorg dat hulle ingelig is oor die bepalings van die Assesseringsbeleid en enige ondergeskikte dokumente wat op assessering in hulle besondere konteks betrekking het (bv. Die *Jaarboek [Deel 1]* en fakulteitspesifieke assesseringsreëls en -regulasies).

b) Doen doelbewuste stappe om die raamwerk vir doeltreffende assessering in hulle eie konteks toe te pas.

c) Verseker dat alle inligting rakende assessering vir hulle module via die moduleraamwerk aan studente oorgedra word.

d) Aanvaar verantwoordelikheid, in samewerking met die betrokke persoon by die fakulteit (bv. departementshoof en/of programkoördineerder), vir hulle eie verdere ontwikkeling en/of opleiding rakende assesseringsvaardighede.

### 9.2.4 Verantwoordelikhede van fakulteite en sentrums wat programme of modules aanbied

Elke fakulteit of sentrum moet ’n persoon of groep aanwys wat die opdrag het om hierdie beleid deur te voer, te sorg dat die vereistes en bepalings daarin vir hulle konteks vertolk en toegepas word, en dat dit in die assesseringspraktyke in hulle omgewing gestalte kry. Dit word bereik deur die volgende spesifieke maatreëls:

a) Koördineer en vertolk die beleid in die lig van die eise wat die fakulteit of sentrum stel.

b) Formuleer ’n assesseringstrategie of assesseringsreëls wat die assesserings vir programme en/of modules wat deur die fakulteit of sentrum aangebied word, reguleer.

c) Ontwikkel en voer prosedures in wat doeltreffende praktyke rakende assessering in die fakulteit of sentrum sal bevorder.

d) Stel prosedures en meganismes in om probleme met die deurvoering van die beleid uit te wys en te hanteer.

e) Sorg dat almal wat by assessering betrokke is, gepaste opleidings- en/of ontwikkelingsgeleenthede ontvang.

f) Verseker dat daar voldoen word aan assesseringsvereistes wat professionele liggame stel, waar toepaslik.

### 9.2.5 Programkoördineerders of -leiers se verantwoordelikhede

Die programkoördineerder of -leier, of ander geskikte persoon, moet vir die onderstaande vir elke program sorg:

a) Verseker dat daar voldoen word aan assesseringsvereistes wat professionele liggame stel, waar toepaslik.

b) Neem die leiding, op die voorsitter van die programkomitee of ander tersaaklike persoon by die fakulteit of sentrum se versoek, in sikliese en tematiese oorsigte om ondersoek in te stel, sake te moniteer en op te tree waar kwessies rakende gepaste assesseringsmaatstawwe, -metodes en/of -instrumente vir geïntegreerde assessering opduik.

c) Moniteer sleutelvereistes en doen opvolgwerk daaroor, bv.

   i. dat assessering voldoende getuienis oplewer dat die uitkomste van die program of module bereik word of nie, en

   ii. dat toepaslike assesseringsmaatstawwe en -metodes toegepas word.

### 9.2.6 Verantwoordelikhede van die departement/sentrum/skool wat ’n module aanbied

Die departementele voorsitter of die direkteur van die sentrum of skool moet die volgende verrig:

a) Ontwikkel ’n stelsel om assesserings- en modereringspraktyke by die departement/sentrum/skool te moniteer ten einde te verseker dat daar aan die Universiteit se beleid voldoen word.
b) Wys prosedures, meganismes en ’n ondersteuningstelsel uit waarvolgens afwykings van die US Assesseringsbeleid hanteer moet word.
c) Moniteer studente se persepsie van die gehalte van hulle assessering, byvoorbeeld deur middel van terugvoer oor modules en dosente, en ontwikkel ’n ondersteuningstelsel waar assessering blykbaar nie op standaard is nie.
d) Verseker, net nadat hulle aangestel is sowel as voortgeset daarna, dat dosente wat by die assessering van studenteleer betrokke is, voldoende en gepaste opleiding in en/of ervaring van assessering het.

Die personeellid wat vir die onderrig en assessering van ’n bepaalde module of deel daarvan verantwoordelik is, moet die volgende verrig:
a) Ondersteun die departementele voorsitter of direkteur van die sentrum/skool in hulle verantwoordelikhede in hierdie verband.
b) Sorg dat die assessering van die module intern sowel as ekstern gemodereer word – holisties, nie as afsonderlike assesserings nie – soos in die US se Reëls oor Interne en Eksterne Moderering bepaal word.
c) Verseker dat die uitkomste, onderrig en assessering van die module met die betrokke program belyn is, waar toepaslik, deur met die tersaaklike programkoördineerder of ander tersaaklike persoon te beraadslaag en terugvoer oor assesseringstake te lewer.

#### 9.2.7 Komitee vir Leer en Onderrig se verantwoordelikhede

Die Komitee vir Leer en Onderrig (KLO) moniteer die deurvoering van die US Assesseringsbeleid deur te verseker dat die beleid vyf jaar na inwerkingstelling hersien word.

#### 9.2.8 Sentrum vir Onderrig en Leer se verantwoordelikhede

SOL moet, in konsultasie met fakulteite, die volgende verrig:
a) Verskaf ondersteuning aan assesseerders in die ontwikkeling en deurvoering van gepaste assesseringspraktyke.
b) Verskaf leergeleenthede aan assesseerders, byvoorbeeld deur middel van werksessies en ’n kortkursus in assessering.
c) Beraadslaag met individuele assesseerders, programkoördineerders, modulevoorsitters, departemente en fakulteite oor die evaluering, monitering en aanpassing van assesseringspraktyke.
d) Ondersteun persone of taakspanne wat vir die deurvoering van die Assesseringsbeleid aan die fakulteite verantwoordelik is.
e) Doen behoeftegerigte navorsing oor tersaaklike aspekte van assessering.

## 10. Geskilbeslegting

Geskille rakende hierdie beleid moet volgens die normale lynbestuurstrukture binne die Universiteit besleg word, soos die fakultêre leer-en-onderrig-komitees, die Senaat se Subkomitee vir Leer en Onderrig, en die Senaat self. Die finale besluitnemingsbevoegdheid in hierdie verband berus by die US Raad.

# 11. Beleidsbeheer

## 11.1 Eienaar

Die eienaar van hierdie beleid is die Viserektor: Leer en Onderrig, wat die volgende moet verrig:

a) Hou toesig oor die ontwikkeling van die beleid.
b) Sorg dat die vereisde dokumente opgestel word.
c) Wys ’n kurator vir die beleid aan.
d) Verseker dat die kurator doeltreffend funksioneer.
e) Stel ’n taakspan saam wat die beleidsdokument van tyd tot tyd moet hersien soos nodig.

## 11.2 Kurator

Die kurator van hierdie beleid is die Senior Direkteur: Afdeling Leer- en Onderrigverryking, wat die volgende moet verrig:

a) Aanvaar verantwoordelikheid vir die formulering, goedkeuring, hersiening, kommunikasie, vrystelling, en monitering van die deurvoering van hierdie beleidsdokument.
b) Vertolk en verskaf leiding rakende die deurvoering van die beleid, en roep ’n taakspan saam wat die beleid van tyd tot tyd moet hersien soos vereis.

## 11.3 Monitering en verslagdoening

Die Viserektor: Leer en Onderrig dra die verantwoordelikheid daarvoor dat die nodige beheermaatreëls vir monitering van en verslagdoening oor hierdie beleid ingestel word. Die kurator is daarvoor verantwoordelik om sodanige beheermaatreëls uit te voer.

Die Senaat moniteer die deurvoering van die beleid by wyse van ’n jaarlikse verslag oor leer en onderrig wat die Viserektor: Leer en Onderrig aan die Senaat voorlê.

## 11.4 Vrystelling

Hierdie beleid is ’n openbare dokument en is op die Universiteit Stellenbosch se webblad gepubliseer. Die Universiteitsraad het die beleid goedgekeur nadat die Senaat en die Institusionele Forum gelyklopend geraadpleeg is. Goedkeuring is voorafgegaan deur aanbevelings vanaf alle fakulteitsrade, soos deur die Viserektor: Leer en Onderrig en die Uitvoerende Komitee van die Senaat bepaal. Afdeling 11 en 12 van hierdie beleid kan redaksioneel bygewerk word namate nuwe beleidsdokumente ontstaan, mits die KLO dit goedgekeur het en dit aan die Senaat vir hulle kennisname gerapporteer is.

## 11.5 Hersiening

Die beleid moet al om die vyf jaar hersien word, of vinniger in dien nodig.

## 11.6 Nienakoming

In gevalle van nienakoming van hierdie beleid sal die normale lynbestuurspraktyke geld.

# 12. Stawende dokumente

Die onderstaande dokumente het betrekking op assessering aan die US en moet saam met hierdie beleid gelees word.

| Dokumentnaam | Status<br>(bv. uitgewys, in die proses, goedgekeur) |
|---|---|
| Onderrig- en Leerbeleid | Goedgekeur September 2018 |
| Reglement vir die Interne en Eksterne Moderering en die Verwerking van Uitslae | Goedgekeur September 2014 |
| Regulasie vir die Erkenning van Vorige Leer (EVL) en Kredietakkumulasie en -oordrag (KAO) | Goedgekeur Junie 2017 |
| Plagiaatbeleid: Ter Ondersteuning van Akademiese Integriteit | Goedgekeur November 2016 |
| Strategie vir Onderrig en Leer 2017–2021 | Goedgekeur Maart 2017 |
| Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018 | Goedgekeur |
| Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 | Goedgekeur 2019 |

## 13. Verbandhoudende dokumente

| Dokumentnaam | Status<br>(bv. uitgewys, in die proses, goedgekeur) |
|---|---|
| Reëls vir Beleids- en Bestuursdokumente | Goedgekeur November 2012 |
| Gehalteversekering en -bevordering aan die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur September 2019 |
| Reglement van die Komitee vir Leer en Onderrig | Goedgekeur Junie 2017 |
| Strategie vir die gebruik van IKT in Leer en Onderrig aan die Universiteit Stellenbosch | Uitsetdokument van die taakspan, April 2013 |
| Beleid vir Studenteterugvoer oor Modules, Dosente en Programme | Goedgekeur 2016 |
| Vroeë Assessering: Protokol | Goedgekeur 2008 |
| Reglement vir Interne en Eksterne Moderering en die Afhandeling van Uitslae | Goedgekeur September 2014 |
| Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur Junie 2016 |
| Onderrig- en Leerbeleid | Goedgekeur Junie 2007; word tans hersien |
| Beginsels wat die Ontwikkeling en Gebruik van Moduleraamwerke en Studiehandleidings Rig (Addendum A by die Beleid oor Onderrig- en Leermateriaal) | Goedgekeur 2002; moet hersien word |
| Beleid Oor Gestremdheidstoegang | Goedgekeur Maart 2018 |
| Konseptuele Raamwerkdokument vir Akademiese Geletterdhede aan die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur Maart 2021 |
| Pligte en Verantwoordelikhede van Programkomiteevoorsitters en Programkoördineerders | Goedgekeur Augustus 2004; word tans hersien |
| Reglement vir die Erkenning van Kokurrikulêre Prestasies | Goedgekeur Julie 2015 |
| Formulering van die Kenmerke van US-gegradueerdes | Goedgekeur 2017 |
| Die Verwewing van die Kenmerke van Gegradueerdes in die Hoofstroomkurrikulum | Goedgekeur 2013 |
| Riglyne rakende Verlengde Graadprogramme (VGP's) aan die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur 2010 |

| Dokumentnaam | **Status**<br>(bv. uitgewys, in die proses, goedgekeur) |
|---|---|
| Raamwerk vir Opleiding in Inligtingsgeletterdheid | Goedgekeur September 2014 |
| Dissiplinêre Kode vir Studente aan die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur 2020 |
| Ontwerp vir Leer, Onderrig en Assessering: die DeLTA-proses | Ontwikkel in 2020 |
| US Riglyne vir Programkomiteevoorsitters en Programleiers | Goedgekeur November 2018 |
| Konsepregulasies vir Leerondersteuning deur Eweknieë aan die US 2020 | Word tans hersien. |

## 14. Verwysings


Anderson, LW & Krathwohl, DR. 2001. *A Taxonomy for Learning, Teaching and Assessing: A Revision of Bloom's Taxonomy*. New York, NY. Longman.

Biggs, J. 1996. Enhancing teaching through constructive alignment. *Higher Education*, 32(3):347-364.

Biggs, J. 2012. What the student does: Teaching for enhanced learning. *Higher Education Research & Development*, 31(1):39-55.

Boud, D. 1995. Assessment and learning: Contradictory or complementary, in P Knight (red.). *Assessment for* Learning *in Higher Education.* Londen: Kogan. 35-48.

Burton, K. 2011. A framework for determining the authenticity of assessment tasks applied to an example in law. *Journal of Learning Design*, 4(2):20-28.

Raad op Hoër Onderwys. 2016. *Policies on the Recognition of Prior Learning, Credit Accumulation and Transfer, and Assessment in Higher Education* [Aanlyn]. Beskikbaar: https://fundisa.ac.za/wp-content/uploads/2015/10/RPL-CAT-Assessment-Policy-Document.pdf [2020, Oktober 7].

Cruess, RL, Cruess, SR & Steinert, Y. 2016. Amending Miller's Pyramid to include professional identity formation. *Academic Medicine*, 91(2):180-185.

Miller GE. 1990. The assessment of clinical skills/competence/performance. *Academic Medicine*, 65(9):63-67.

Universiteit Stellenbosch (US). 2021. *Jaarboek (Deel 1): Algemeen* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/2021-jaarboek-Deel-1.pdf [2021, Mei 27].

Universiteit Stellenbosch (US). 2020. Konsepdokument vir Regulasies oor Leerondersteuning deur Eweknieë.

Universiteit Stellenbosch (US). 2019. *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019-2024* [Aanlyn]. Beskikbaar: https://www.sun.ac.za/english/Documents/Strategic_docs/2018/SU_VisieVision_BrondokumentSourcedocument.pdf [2021, Mei 27].

Universiteit Stellenbosch (US). 2018. Onderrig- en Leerbeleid [Aanlyn]. Beskikbaar: https://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/ctl/Documents/Onderrig-Leerbeleid%202018.pdf [2021, Mei 27].

Universiteit Stellenbosch (US). 2017. *Strategie vir Onderrig en Leer 2017–2021* [Aanlyn]. Beskikbaar: https://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/ctl/Documents/STRATEGIE%20VIR%20OL%202017-2021.pdf [2021, Mei 27].

Universiteit Stellenbosch (US) 2016. *Plagiaatbeleid: Ter Ondersteuning van Akademiese Integriteit* [Aanlyn]. Beskikbaar: https://www.sun.ac.za/english/research-innovation/Research-Development/Documents/Policies%20and%20Guidelines/AFRIKAANS/US%20PLAGIAATBELEID_2016.pdf [2021, Mei 27].

Universiteit Stellenbosch (US) 2016. Dissiplinêre Kode vir Studente van die Universiteit Stellenbosch [Aanlyn]. Beskikbaar: https://www.sun.ac.za/english/Documents/2017_Everlytic/C4_US_Dissiplinere_kode_Afrikaans_2016-09-26.pdf [2021, Mei 27].

Universiteit Stellenbosch (US) 2016. *Taalbeleid* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.sun.ac.za/english/Documents/Language/Finale%20Junie%20Taalbeleid%20November%202016.pdf [2021, Mei 27].

# Bylae A: Woordelys

| Term | Omskrywing | Bron |
|---|---|---|
| **Assessering** | Die proses waartydens inligting en getuienis uitgewys, ingesamel en vertolk word met verwysing na die bekwaamhede wat vir ’n kwalifikasie, gedeeltelike kwalifikasie of professionele benoeming vereis word ten einde ’n leerder se prestasie te beoordeel. Assessering kan formeel, nie-formeel of informeel wees; dit kan handel oor leer wat reeds plaasgevind het óf dit kan onderneem word met die oog daarop om te leer, om onderrig en leer wat nog moet plaasvind, te rig en te vorm. | SAKO. 2014. *National Policy and Criteria for Designing and Implementing Assessment for NQF Qualifications and Part-Qualifications and Professional Designations in South Africa* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.saqa.org.za/docs/pol/2016/National%20Policy%20for%20Assessment(PrintReady).pdf [2018, Mei 15]. |
| | Die sistematiese beoordeling van studente se vermoë om aan te toon dat hulle die leeruitkomste bereik het wat vir ’n kurrikulum gestel is. | RHO. 2016. *Policies on the Recognition of Prior Learning, Credit Accumulation and Transfer, and Assessment* [Aanlyn]. Beskikbaar: https://www.che.ac.za/media_and_publications/frameworks-criteria/council-higher-education-s-policies-recognition-prior [2016, Augustus 31]. |
| **Assesserings-maatstawwe** | Die standaarde wat toegepas word om leer te rig, om leerderprestasie te assesseer en/of om bekwaamheid te evalueer en te sertifiseer. | SAKO. 2014. *National Policy and Criteria for Designing and Implementing Assessment for NQF Qualifications and Part-Qualifications and Professional Designations in South Africa* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.saqa.org.za/docs/pol/2016/National%20Policy%20for%20Assessment(PrintReady).pdf [2018, Mei 15]. |
| **Assesserings-metodes/-tipes** | Die meganismes wat gebruik word om studenteprestasie te assesseer. Verskeie assesseringsmetodes behoort gebruik te word om te bepaal in watter mate studente die verwagte leeruitkomste van ’n module/vak/program bereik het. *An A-Z of Assessment Methods,* wat deur die University of Reading saamgestel is, bied ’n lys moontlikhede. | University of Reading. s.d. *An A-Z of Assessment Methods* [Aanlyn]. Beskikbaar: https://www.reading.ac.uk/web/files/eia/A-Z_of_Assessment_Methods_FINAL_table.pdf [2019, November 13]. |

| Term | Omskrywing | Bron |
|---|---|---|
| **Assesserings-geleenthede** (geen amptelike omskrywing in die nasionale beleids-raamwerke nie) | Die aantal assesserings wat tydens ’n sekere studietydperk (bv. ’n semester of jaar) afgeneem word, sowel as die gereeldheid daarvan. Dit sluit formele én informele assesserings in. | |
| **Assesseringsplan/ -strategie** | Assessering kan op verskeie punte in die loop van ’n leerprogram afgeneem word. ’n Omvattende assesseringsplan moet verskeie assesseringsgeleenthede insluit wat ’n gepaste ewewig tussen formatiewe en summatiewe assesseringstipes handhaaf. | UV. 2016. *Assessment Policy* [Aanlyn]. Beskikbaar: https://www.ufs.ac.za/docs/default-source/all-documents/assessment-policy-on-the-ufs-coursework-learning-programmes.pdf?sfvrsn=3716c321_0 [2021, Mei 12]. |
| **Assesserings-praktyke** (geen amptelike omskrywing in die nasionale beleids-raamwerke nie) | ’n Integrale deel van die onderrig-en-leerproses aan die Universiteit, gerig deur nasionale en institusionele beleidsraamwerke, reëls en regulasies; dit word uitgevoer met verwysing na die tersaaklike beginsels en funksies van assessering asook die soort assessering en die assesseringsmetode en -modus. | |
| **Assessering-stelsel** (geen amptelike omskrywing in die nasionale beleids-raamwerke nie) | In die hoëronderwyskonteks behels sodanige stelsel dikwels verskeie vlakke: Op *modulevlak* word studenteprestasie geassesseer. Op *programvlak* word ’n assesseringsplan ontwerp. Op *institusionele vlak* word die onderskeie institusionele beleide, reëls en regulasies rakende die akademiese en administratiewe aspekte van assessering bymekaargetrek. Op *eksterne vlak* word die oorhoofse konteks van die instelling in ag geneem; dit sluit interaksie met nasionale gehalteversekeringsagentskappe en professionele liggame in. | Joughin, G. & Macdonald, R. A model of assessment in higher education institutions. *The Higher Education Academy* [Aanlyn]. Beskikbaar:https://www.researchgate.net/publication/228873474_A_model_of_assessment_in_higher_education_institutions#:~:text=Assessment%20in%20higher%20education%20is,the%20quality%20of%20assessment%20practice [2021, Mei 12]. |
| **Kurrikulum** | ’n Uiteensetting van die opleidingstruktuur en verwagte onderrig-en-leer-metodes wat ’n kwalifikasie onderlê ten einde ’n algemener begrip te vorm van hoe dit in ’n opvoedingstelsel deurgevoer word. | Aangepas en vertaal uit: SAKO. 2014. *Qualifications Framework* [Aanlyn]. Beskikbaar: https://hr.saqa.co.za/glossary/pdf/NQFPedia.pdf [2021, Mei 12]. |

| Term | Omskrywing | Bron |
|---|---|---|
| **Formatiewe assessering** | 'n Verskeidenheid formele, nie-formele en informele prosedures vir voortgesette assessering wat gebruik word om onderrig- en-leeraktiwiteite op die verbetering van studenteprestasie te fokus, of wat vir doeleindes van 'n prestasiepunt vereis word. | Aangepas en vertaal uit: SAKO. 2014. *SAQA Standard Glossary of Terms related to the SA National Qualifications Framework* [Aanlyn]. Beskikbaar: https://hr.saqa.co.za/glossary/pdf/NQFPedia.pdf [2021, Mei 12]. |
| **Leeruitkomste** | Die eindprodukte van bepaalde leerprosesse waarvan kontekstuele bewys gelewer word en wat kennis, vaardighede en waardes insluit. | SAKO. 2014. *National Policy and Criteria for Designing and Implementing Assessment for NQF Qualifications and Part-Qualifications and Professional Designations in South Africa* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.saqa.org.za/docs/pol/2016/National%20Policy%20for%20Assessment(PrintReady).pdf [2021, Mei 12]. |
| | Wat van 'n leerder verwag kan word om te weet, te verstaan en/of bewys te kan lewer nadat 'n leerproses afgehandel is. | The Quality Assurance Agency for Higher Education. 2018. *QAA Glossary* [Aanlyn]. Beskikbaar: https://www.qaa.ac.uk/scotland/glossary [2021, Mei 12]. |
| **Leer-/studie-program** | 'n Doelgerigte en gestruktureerde stel leerervarings wat tot 'n kwalifikasie lei. | SAKO. 2014. *National Policy and Criteria for Designing and Implementing Assessment for NQF Qualifications and Part-Qualifications and Professional Designations in South Africa* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.saqa.org.za/docs/pol/2016/National%20Policy%20for%20Assessment(PrintReady).pdf [2021, Mei 12]. |
| | 'n Goedgekeurde studiekursus wat 'n samehangende leerervaring verskaf en gewoonlik tot 'n kwalifikasie lei. | The Quality Assurance Agency for Higher Education. 2018. *QAA Glossary* [Aanlyn]. Beskikbaar: https://www.qaa.ac.uk/scotland/glossary [2021, Mei 12]. |

| Term | Omskrywing | Bron |
|---|---|---|
| **Moderering** | In die konteks van assessering, interne en eksterne bevestiging dat 'n assesseringstelsel geloofwaardig is, dat assesseerders en leerders eties optree, en dat assesserings billik, geldig, betroubaar en uitvoerbaar is. | SAKO. 2014. *National Policy and Criteria for Designing and Implementing Assessment for NQF Qualifications and Part-Qualifications and Professional Designations in South Africa* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.saqa.org.za/docs/pol/2016/National%20Policy%20for%20Assessment(PrintReady).pdf [2021, Mei 12]. |
| **Assesserings-modi** (geen amptelike omskrywing in die nasionale beleids-raamwerke nie) | Sluit aspekte in soos die individuele of kollektiewe *studentedeelname* aan assessering (bv. selfassessering of eweknie-assessering), die *medium* van assessering (bv. skriftelik, mondeling, praktikum of aanlyn) en die *vlak van toesighouding* (bv. geslote boek, oop boek of geen toesig nie). | |
| **Kwalifikasie** | 'n Geregistreerde nasionale kwalifikasie wat bestaan uit 'n beplande kombinasie van leeruitkomste wat 'n omskrewe oogmerk het – om studente wat daarvoor in aanmerking kom, met toegepaste bekwaamhede en 'n grondslag vir verdere leer toe te rus – en wat aan die hand van uittreevlak-uitkomste geassesseer is, op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) geregistreer is, en deur 'n erkende instelling gesertifiseer en toegeken is. | RHO. 2016. *Policies on the Recognition of Prior Learning, Credit Accumulation and Transfer, and Assessment* [Aanlyn]. Beskikbaar: https://www.che.ac.za/media_and_publications/frameworks-criteria/council-higher-education-s-policies-recognition-prior [2016, Augustus 31]. |
| **Summatiewe assessering** | Assessering *van* leer; moet onderskei word van formatiewe assessering, wat assessering *om te* leer is. Summatiewe assessering word afgeneem nadat leer afgehandel is (bv. aan die einde van 'n kwartaal, semester of jaar) en verskaf inligting en terugvoer wat die leer-en-onderrigproses saamvat. Die bedoeling met summatiewe assessering is om prestasie te valideer en grade of punte toe te ken. | UV 2016. *Assessment Policy* [Aanlyn]. Beskikbaar: https://www.ufs.ac.za/docs/default-source/all-documents/assessment-policy-on-the-ufs-coursework-learning-programmes.pdf?sfvrsn=3716c321_0 [2021, Mei 12]. |